



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

AUGUSTUS 2014 Nr 48

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

"Binne 50 jaar niet meer een kerk!"

"Sekularisering beteken die einde van die kerk soos ons dit ken, of dalk nie." Aan die woord is Henk van den Bosch van Nederland. Hy was vroeër lank in Lusaka by *Justo Mwale* en het ook 'n gemeente daar bedien. Hy ken Afrika, maar is 'n kind van Europa, 'n westerling en sien wat sekularisasie aan die kerk in Nederland doen.

Hy vervolg: Die woede is weg. Niemand baklei meer as die kerk steeds deel van jou lewe is nie. Niemand probeer jou oortuig dat jy 'n "idiot" is omdat jy glo nie (daar was so 'n tyd). Niemand gee meer om nie. Dit is nie meer só belangrik nie. Die PKN (Protestantse Kerk in Nederland), het verskeie pogings aangewend om sekularisasie teen te werk. Hy verwys na die missionêre rondte (jy kan dit op die web naslaan), asook 'n liturgiese rondte. Nie een was suksesvol nie. Die motief vir oorlewing was volgens hom té sterk. Getalle kan nie net ter wille van getalle gesoek word nie. Nie die "band" of die "orrel" het die kerk gered nie.

Hy noem moontlike oplossings, wat ten tye van ons gesprek, by hulle op die tafel is:

Kerkplanting: Groot bedrae word hiervoor begroot en dit lyk definitief na een van die teenvoeters vir sekularisasie te wees. **Alternatiewe gemeenskappe:** 'n Geloofsgemeenskap het steeds iets om vir die wêreld te bied. **Dissipelskap:** 'n Een-tot-een-saamstap en ondersteun binne geloofsgemeenskappe het steeds groot waarde. **Na binne gerig:** Dit bly steeds een van die grootste uitdagings te wees om te oorkom. Hy noem dit 'n "na binne ekklesiologiese onttrekking." **Sterker apologetiek:** Skrywers probeer die waarde van kerkwees en geloof verkondig: "Jy is 'n idiot as jy nie glo nie!"

Daar is egter aspekte wat vir die toekoms baie belangrik blyk te wees: Die kerk sal definitief die gemeenskap moet raaksien, betrek en verreken. Dit is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die erkenning dat die Gees buite die kerk werk...vir hom al hoe meer buite die kerk. Daar moet 'n multikulturele interaksie plaasvind. Dialoog na binne en met enigiemand daarbuite, is ononderhandelbaar.

Anders: "Binne 50 jaar is daar niet een kerk meer te vinde!"

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

**WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY
IN BLOEMFONTEIN**

Tema: *Spiritual Leadership*

Plek: NG Gemeente Pellissier – Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Koste: R150pp – betaalbaar by Pellissier

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na
31029

2 - 5 SEPTEMBER 2014:

**INDABA OOR AKTIEWE BURGERSKAP; DIE VADERHART-
REEKS**

'n Gesamentlike projek van die UV se Direkoraat
Gemeenskapsbetrokkenheid en *Bloem Shelter*

Plek: CR Swart-ouditorium, Bloemfontein-kampus, UV

Koste: Dagkaartjie @ R50 (Dag 1 – 3)

Dagkaartjie vir VBO-ontvangers @ R200 (Dag 1 – 3) (sluit
verversings en middagete in)

Studentepakket @ R50 vir drie dae

Uitstallings deur verskeie NROs en ander
belanghebbendes.

Kaartjies beskikbaar by Computicket tot 29 Augustus

VBO-Punte: 20

Vir verdere inligting kontak: Prof Mabel Erasmus (UV) 051
401 3732/083 306 5989 | erasmusm@ufs.ac.za

22 SEPTEMBER 2014: Kategese: Die *Smartieboksie* van die
kerk

Aanbieder sal nog bekend gemaak word.

Plek: Bloemfontein

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D57282 en u naam na 31029

1 – 3 OKTOBER 2014: FRESH EXPRESSIONS

Sameroeper: Nico Mostert

Plek: Bergville

VBO-punte: 20

Verdere inligting sal later bekend gemaak word.



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.